

DIE AKADEMIKUS EN DIE POLITIEK (1)

VOORDAT aandag gegee word aan die verhouding tussen die akademikus en die politiek is dit nodig om die eie aard van die politiek en van die akademikus van nader te bekyk.

POLITIKUS EN POLITIEK

Die politiek veronderstel organisasie en die mobilisering van mag, gesag en populêre ondersteuning. Dit verteenwoordig iets uiterlik, iets konkreet, iets tasbaars, 'n mag tussen die magte van die wêreld. Dit strewe na vastigheid en voorspelbaarheid. Dit wil stabilitet en kontinuïteit vestig en bewaar. Die politiek is in sy organisatoriese werking as 't ware die staalkonstruksie wat opgerig en onderhou moet word; waarmee daar elke dag gebou word aan die gebou van die openbare lewe en met behulp waarvan instandhouding en herstelwerk gedoen word.

Ons beeld leen hom daartoe dat ons tussen politiek in die engere en ruimere sin van die woord kan wys. In die engere of party-politieke sin van die woord gaan dit oor die oprig en die instandhouding van die staalkonstruksie. In die ruimere of staatkundige sin van die woord gaan dit oor die bouwerk aan die openbare gebou, ons almal se gemeenskaplike burgerhuis. Net daardie party wat die sterkste ondersteuning kry — wat as 't ware die sterkste staalkonstruksie kan oprig — verkry die reg om aan die burgerhuis te bou.

AKADEMIKUS EN AKADEMIE

Die akademikus daarenteen is nie iemand wat hom oor organisasie, bouwerk en populêre ondersteu-

ning hoef te bekommer nie. Die organisatoriese raamwerk waarin hy beweeg vorm meesal deel van die gebou wat deur die politiek in die ruimer sin van die woord opgerig word. Die ware akademikus is dikwels nie 'n organisasiemens nie, maar 'n alleenloper en 'n individualis.

Juis in hierdie individualiteit lê ook die groot verskeidenheid van kenmerke wat ons aan die akademikus kan toeskryf. Sommige is soekers en snuffelaars, ander is opgaarders wat 'n magdom van gegewens wil skematiseer en op kaart bring. Meesal is die akademikus 'n delwer wat sy terrein op 'n kunsmatige wyse van die wyere verband afsnoer om daar in die diepte te delf na algemeen geldige vakresultate of wetenskaplike edelgesteentes.

In hierdie sin is die akademikus iemand wat omdolwe, wat bloot lê, oopkloof, oopbreek en dikwels ook afbreek. Maar juis in sy delwersrol is hy ingehok tot die kleim van sy vakdissipline en verloor hy maklik kontak met en oorsig oor die veelkantige verskynsels van die wêreld rondom hom. In die laaste instansie is die akademikus ook 'n dromer — 'n eienkap wat ver verwyder staan van die vastigheid wat kenmerkend van die politiek is.

In sy dromersrol leef die akademikus dikwels in 'n modelteoretiese wêreld waar hy hierdie veelkantig, gekompliseerde en ondeurdringbare wêreld deur middel van abstrakte modelle probeer herkonstrueer, deur dit as 't ware van die grond af op te bou deur middel van eenvoudige en deursigtige boumateriaal. Die plaas van vereenvoudige konstruksies op konkrete verskynsels is die akademikus se metode om ver-

borge probleme te probeer blootlê.

KLIP VIR 'N KOP

Terwyl die akademikus teoretiese konstruksie bou in 'n poging om probleme te ontdek, hom onvermoeid met teoretiese vraagstellinge besig hou, is die politikus besig om probleme op te los, om dag vir dag te bou aan 'n beter en groter burgerhuis. Geen wonder dat daar dikwels spanning tussen die akademikus en die professionele politikus ontstaan nie.

Stel u die politikus voor waar hy hoog op die steiers, blootgestel aan die koue wind van die openbare mening met troffel in die hand staan en bou, terwyl 'n akademikus met delwerswerk besig is om te kyk of daar nie érens 'n swakplek in die fondament van die burgerhuis is nie. Geen wonder dat die professionele politikus meer as een dag geneë voel om 'n baksteen op die kop van die akademikus te laat val nie — en dit soms ook doen nie!

Dit is egter belangrik dat die professionele politikus nie die baksteen sal laat val of dit maklik sal doen nie. In 'n moderne gesofistikeerde gemeenskap leun die politikus en die akademikus in 'n groter mate teen mekaar aan as wat algemeen besef word en is hulle meer afhanklik van mekaar as wat of die akademikus of die politikus gewoonlik gewillig is om te erken.

In die tegnologies hoogsontwikkelde wêreld waarin ons leef, is dit vir die professionele politici nie moontlik om die staatskip op die hedendaagse stormsee tussen al dié rotse en mynvelde deur te stuur sonder die deskundige ad-

vies op 'n veelheid van terreine nie. Baie van hierdie deskundige advies word deur die amptenare voorsien, maar dikwels verg die interpretasie van probleem-situasies gespesialiseerde deskundigheid wat net deur akademici verskaf kan word.

Van die anderkant gesien is die dae van die ivoortoring-leerde of die „vryswewende intelligentie“ ook verby. In die meeste gevalle is die teoretiese vraagstellings van die akademikus afgestem op aangeleenthede wat direk of indirek relevant is vir die maatskappy en daarom ook vir die politikus.

Juis omdat die akademikus vandag graag betrokke wil wees by die maatskappy en sy probleme, is hy vir sy navorsingswerk dikwels afhanklik van die finansiële ondersteuning, erkenning en/of opdragte wat vanaf overhedsweë en op inisiatief van die politikus aan hom gegun word.

Die interafhanklikheid tussen die akademikus en die professionele politikus is dus in die eerste plek daarin geleë dat hulle — elkeen op sy eie manier — dikwels in dieselfde veld bedrywig is. Terwyl die akademikus die kenmerke en die probleme van die moderne maatskappy deur teoretiese vraagstellinge probeer identifiseer en sistematies op kaart probeer bring, is die politikus besig om die praktiese probleme in die weg van 'n geordende en stabiele gemeenskap op te los en om deur inwerking op die evolusieproses gestalte te gee aan die maatskappy van mōre.

Hierbenewens het die akademikus en die politikus ook 'n ander belangrike gemeenskaplike noemer, naamlik die feit dat albei hulle in 'n meerder of mindere mate met teoretiese modelle bedien.

ONBILLIKE OPVATTING

Die populêre opvatting dat die akademikus nie baie waardevol is nie omdat hy 'n teoretikus is, terwyl die politikus se verdienste daarin geleë is dat hy met albei sy voete in die praktyk staan, is nie altyd billik nie. Die politikus staan ook met ten minste een voet in die teorie. Hy bedien hom ook met teoretiese konstruksies omtrent die vermeende oorsaaklikhedsverband tussen waarneem-

bare verskynsels.

Die politikus is dikwels besig om die werklikheid te buig in ooreenstemming met 'n vooraf uitgedinkte model — 'n model wat dikwels deur 'n akademikus uitgedink is. Daarvan het ons heel-wat voorbeeld in die Suid-Afrikaanse politiek. Die vernaamste verskil tussen die teoretiese konstruksie van die akademikus en die politikus is dat eersgenoemde s'n gewoonlik nuut, soms vergesog en dikwels onbruikbaar is, terwyl laasgenoemde s'n redelik bekend is en reeds openbare ondersteuning geniet en hulle bruikbaarheid tot 'n mate bewys het.

As gevolg van hierdie verskille kan ons saamstem met die populêre vooroordeel teen die akademikus en ten gunste van die politikus. Maar dan moet ons onthou dat die teoretiese beskouinge wat aan die politikus se beleidsrigtings ten grondslag lê, nie altyd die nuutste sal wees nie. Dit herinner aan die bekende woorde van die vermaarde Britse ekonom, Lord Keynes: „Practical man, who believe themselves to be quite exempt from any intellectual influences, are usually the slaves of some defunct economist“.

Hierdie uitspraak van Keynes herinner op sy beurt weer aan 'n ander meer persoonlike verhouding wat daar tussen die akademikus en die professionele politikus bestaan. Indien die akademikus nog redelik jong is, het hy die belowende vooruitsig dat die politikus van mōre vandag aan sy voete sit en as hy ouer word het hy dikwels die vreugdevolle, maar soms ook traumatische ervaring, dat die politikus van vandag gister aan sy voete gesit het.

ALBEI HET PROBLEME

Maar tot op hierdie stadium het ons nog nie by die crux van die probleem uitgekom nie. Hoewel die akademikus en die professionele politikus baie verskillende rolle te speel het, leun hulle baie sterk op mekaar aan en is daar belangrike gemeenskaplike grond tussen hulle: albei hou hulle met „probleme“ besig en albei maak van „modelle“ gebruik. Juis om hierdie rede kan daar van albei kante maklik grensoorskryding plaasvind en geeneen van die twee hou daarvan dat daar op hulle tone getrap word nie.

WOORD EN DAAD

Die akademikus maak hom maklik aan grensoorskryding skuldig wanneer hy oormatige pretensië het en aan selfoorskattig ly. Sy grensoorskryding is dikwels die produk van frustrasie, soms gewek deur onsimpatieke politici, maar soms ook deur sy eie buitensporige ambisie. Uit die aard van die saak bring die akademikus se navorsing, studie en denke hom soms tot die insig en oortuiging dat die struktuur van die werklikheid anders is as wat veronderstel word in die model wat die politikus hanteer of dat die beleidsdoelwit wat die politieke beleid nastreef, eenvoudig nie haalbaar is nie.

Sy vakwetenskaplike arbeid is dan polities relevant, dit hou implikasies in vir beleidsformulering en -toepassing. Wanneer die akademikus op 'n indiskrete en ongeduldige manier self die politiek-organisatoriese terrein betree om toe te sien dat sy bevindinge in beleidsformulering en -toepassing in die praktyk deurgevoer word, vind daar beslis grensoorskryding plaas. Maar as die akademikus aandui dat sy bevindinge en insigte beleidsimplikasies het en op grond daarvan die huidige beleidsformuleringe en toepassings kritiseer, kan daar egter nie van grensoortreding sprake wees nie.

Die politikus maak hom op sy beurt aan grensoorskryding skuldig as hy te maklik negatief reageer op die kritiek en veral die openbare kritiek van die akademikus. Dit is dikwels waardevol om sekere sake privaat aanhangig te maak, maar die kritiek wat die akademikus soms te opper het, is dikwels van openbare belang en daarom moet dit verkiekslik in die openbaar geopper word.

In soverre die politikus — en saam met hom ook die openbare mening — die akademikus die reg op kritiek ontsê, of hom die geleentheid ontnem om sekere sake wat binne sy vakgebied val, te ondersoek en/of kommentaar daarop te lewer of wil voorskryf hoe hy te werk moet gaan, maak die politikus hom aan grensoorskryding skuldig. Sommige politici neem selfs die houding in dat hulle die akademici maar kan ignoreer want hulle vorm glo net 0,01 persent van die kieserskorps. Hierdie houding herinner aan die vraag wat Stalin by geleentheid

Bladsy nege

aan sy generaals gevra het, naamlik oor hoeveel divisies beskik die Pous?

DUN YS

Terwyl 'n mens in hierdie grensafbakening maar altyd op dun ys beweeg, is die ys op sy dunste wanneer dit gaan oor die vraag of die akademikus hom ook sal meng in die stryd oor die waardeoordele wat politieke doelstellings kondisioneer. Vir sommige akademici vorm dit waarskynlik nie 'n probleem nie. Hul standpunt is eenvoudig dat die akademikus qua akademikus objektief en waarde-neutraal moet wees en daarom nie aan die stryd oor die waardeoordele kan of mag deelneem nie. Dit is egter nie so eenvoudig nie. Die stryd vir waardevrye wetenskapsbeoefening is vir 'n lang tyd gestry en klaarblyklik verloor.

Die akademikus bevind hom in die arena waar die stryd oor waardeoordele plaasvind of hy nou wil of nie. Prof. Hennie Rousseau het dit by geleentheid soos volg gestel: „Wanneer weerbarstige feite hulle nie laat invoeg in 'n ideaal afgeronde ideologiese prentjie nie, bewys die akademikus niemand 'n diens indien hy dit sou verswyg of die verontagsaming daarvan met sy akademiese gesag sou sanksioneer nie".

In die teoretiese modelle wat deur sowel die politikus as die

akademikus gehanteer word, is daar waarde-elemente teenwoordig. Die vraag of die akademikus hom die reg kan toeëien om die waardes en/of ideologiese uitgangspunte van die politikus te kritiseer, verleen 'n baie belangrike addisionele dimensie aan die verhouding tussen die akademikus en die politikus. Indien 'n bepaalde akademikus hom nie kan vereenselwig met die waardestandpunt of die ideologiese grondslag waarop 'n politieke party se beleid gebaseer is nie, kan 'n mens in alle billikheid nie verwag dat die betrokke politieke party die akademikus met simpatie en verdraagsaamheid sal bejoeën en geleenthede en voorregte vir hom sal skep nie.

Gevollik sal daar dan ook nie die nodige vertrouensverhouding tussen die akademikus en die politikus kan ontstaan nie en sal die invloed van die akademikus nie baie groot kan wees nie.

Juis vanweë die belangrike rol wat waardestandpunte of ideologiese uitgangspunte in die politiek speel, kan 'n akademikus wat polities-relevant wil wees hom nie losmaak van die party-politiek nie. 'n Bepaalde akademikus bevind hom dus op grond van sy eie waardestandpunte binne of buite 'n bepaalde politieke „Establishment" en dit is vir hom nodig en belangrik dat daar 'n gesonde ver-

trouensverhouding tussen hom en die betrokke „Establishment" sal bestaan. Ondervinding leer dan ook in alle Westerse lande dat regerings hulle hoofsaaklik (alhoewel nie uitsluitlik nie) bedien met die deskundige advies en hulp van akademici wat aan die regerings-party behoort. Suid-Afrika is geen uitsondering op hierdie reël nie.

DIE AKADEMIKUS EN SY PARTY

Die vraag of die akademikus hom mag meng met die stryd oor die waardeoordele, verkry 'n nuwe inhoud as dit gaan oor 'n akademikus wat 'n betrokke party goedgesind is. Kan 'n goedgesinde akademikus in die openbaar kritiese vroepper oor die waardeoordele van sy eie party? Dit is waarskynlik die moeilikste vraag wat ons moet probeer beantwoord. Dit is in elk geval 'n vraag waarop nie 'n algemeen-geldige antwoord op formeel-analitiese vlak gegee kan word nie. Die antwoord hang blybaar van bepaalde omstandighede af. Daarom sal ons as 't ware 'n gevalliestudie moet doen in 'n poging om die vraag te beantwoord. Ons kan seker nie 'n beter geval kies as die verhouding tussen die nasional-gesinde (meesal Afrikaner) akademikus en die hoofsaaklik Afrikaner-beheerde Nasionale politiek nie.

(Word vervolg)

DEUR PROF. S. J. TERBLANCHE

(Dept. Ekonomiese, Universiteit van Stellenbosch)

DIE AKADEMIKUS EN DIE POLITIEK (2)

'N OORRYPTYD VIR VOLSKRITIEK

„Die Nasional-gesinde Afrikaner sal waaragtig in die tyd waarin ons leef sy kant in volkskritiek moet bring as ons 'n nuwe beskawing vir al Suid-Afrika se mense in hierdie groot en droewe land wil vestig."

IN verlede maand se uitgawe van Woord en Daad het ek die artikel onder die opschrift, Die Akademikus en die Politiek, afgesluit met die vraag of 'n goedgesinde akademikus in die openbaar kritiese vrae kan opper oor die waardeoordele van sy eie party. Om 'n antwoord hierop te gee sal ons as 't ware 'n gevallen-

studie moet doen. Ons kan seker nie 'n beter geval kies as die verhouding tussen die nasional-gesinde (meesal Afrikaner) akademikus en die hoofsaaklik Afrikaner-beheerde Nasionale politiek nie.

Vir die doeleindes van hierdie gesprek, wil ek beweer dat daar in die afgelope byna dertig jaar hoofsaaklik twee tydperke onder-

skei kan word ten opsigte van die verhouding tussen die nasional-gesinde Afrikaner-akademikus en die hoofsaaklik Afrikaner-beheerde Nasionale regering. Vir die eerste tien of twintig jaar het die nasional-gesinde akademikus in 'n posisie van onderdanigheid en onmondigheid gestaan. Byna onvoorwaardelike aanvaarding van die ideologiese uitgangspunt van die Nasionale Party was 'n vereiste vir politieke deelname.

In die afgelope tien jaar of meer is daar volop tekens dat die nasional-gesinde akademikus al hoe meer vryheid gegun word,

dat hulle besig is om mondig te word en dat die verhouding tussen die akademikus en politikus in die breëre Nasionale „Establishment“ al hoe meer — sal ons maar sê — „genormaliseer“ word. Gerieflikheidshalwe kan ons onderskei tussen die periode van akademiese onmondigheid en die periode van groterwordende akademiese mondigheid.

AKADEMIESE ONMONDIGHED

In die periode van akademiese onmondigheid is daar vanuit die politieke sfeer relatief min vryheid en bewegingsruimte aan die goedgesinde akademikus toegelaat. Daar was 'n groot ongeduld en onverdraagsaamheid met Afrikaner akademici wat die regering en veral sy waardestandpunte in die openbaar gekritiseer het. Ek wil onomwonde sê dat ek van mening is dat die destydse houding oor die algemeen geregverdig was. Op daardie stadium was die Nasionale Party 'n Afrikaner-georiënteerde party. Die posisie van sowel die Nasionale regering as die Afrikaners was in veral die vyftigerjare nog baie onseker en kwesbaar en gevolelik was dit nodig om laer te trek en die gelede te sluit. As gevolg hiervan is die vryheid van goedgesinde akademici ook ingeperk.

Die Afrikaners het hulle enerds bedreig gevoel deur die ekonomiese mag en die kulturele (of die vermeende kulturele) meerwaardigheid van die Engelse en andersyds deur die getalle-oorwig en die laer beskawingspel van die verskillende nie-blanke bevolkingsgroep. Die Nasionale regering en die Afrikanerdom is in hierdie jare aan die venynigste kritiek denkbaar blootgestel wat meesal uit haat en nyd gebore was. In hierdie omstandighede was die handhawing van Afrikaner-identiteit en die politieke mag van die Nasionale Party asook die emansipasie van die Afrikaner op ekonomiese en kulturele gebied, nie alleen doelstellings wat ten nouste vervleg en komplimentêr was nie, maar gesamentlik ook die opperste prioriteit.

Die nasional-gesinde Afrikaner-akademikus kon nie onverskillig staan teenoor hierdie besondere stel omstandighede nie, hy moes sorg dat sy optrede en veral sy openbare optrede te alle tye

diensbaar was tot die politieke prioriteit. 'n Akademikus wat hom op hierdie stadium die reg toegecien het om hom in die openbaar op 'n kritiese wyse in te meng met die stryd oor die waardeoordele, het uit die aard van die saak konfrontasie gesoek en dit ook gekry.

Hoewel ek van mening is dat die akademiese onmondigheid in sê die jare vyftig geoorloof was, het dit ook twee skadusye gehad wat ons nie mag verswyg nie. Enersyds het dit daartoe gelei dat bona fide Afrikaner-akademici redelik maklik vervreemd geraak het en uitgeskuif is. Hul langdurige verydeling het gewoonlik oorgeslaan in 'n siniese onverskilligheid en selfs 'n vyandigheid teenoor die huidige politieke bewindhebbers. As gevolg hiervan het baie goeie intellektuele vermoëns en navorsingstalent vir alle praktiese doeleindes vir die huidige politieke bewindhebbers verlore gegaan. Dit is jammer.

Maar aan die ander kant het die akademici wat in die laer gebly het, dikwels te apogeties as pleitbesorgers vir die Afrikaner en Nasionale Party se saak in die openbaar in die bres getree. In effek het dit daarop neergekom dat goedgesinde akademici hulle dikwels te veel met die stryd oor die waardeoordele bemoei het en dikwels te ver agteroorgebuiig het om die ideologiese grondslae van die party en sy beleid goed te praat en te propageer. Sommige nasional-gesinde akademici het op hierdie manier eintlik politiek bedryf. Hulle het hul aan grensoorskryding skuldig gemaak sonder dat daar ooit 'n baksteen op hulle kop gevallen het.

ORGANGSTYDPERK

Die jare sestig was in vele opsigte 'n oorgangstydperk. Die republikeinse ideaal is verwesenlik, op ekonomiese gebied het die Afrikaners so gevorder dat almal min of meer in middelstandkringe „gearriveer“ het, terwyl die Afrikaners se kulturele en intellektuele prestasies sodanig was dat enige gevoel van minderwaardigheid finaal opsy geskuif kon word.

Intussen het die Nasionale Party ook doelbewus sy basis verbreed en is Engelssprekendes in die kabinet opgeneem. Die politieke oogmerke van die Nasio-

nale Party en die kulturele oogmerke van die Afrikanerdom het nou nie meer so volledig ooreengeval soos in die jare vyftig nie. Vir ons doel is dit nie nodig om ons koppe langer oor daardie oorgangstyd te breek nie, behalwe om te sê dat die mondigwording van die nasional-gesinde akademikus in daardie dekade 'n aangename geneem het.

DIE JARE SEWENTIG

Kom ons wy die ruimte wat ons oor het aan die jare sewentig. Omstandighede is ingrypend anders as in die jare vyftig. Die Afrikaner is volledig geëmansieer en sy identiteit word slegs bedreig in sover die voortbestaan van beskaafde standarde in Suidelike Afrika bedreig word. Die magsposisie van die Nasionale Party word eweneens ook nie bedreig nie. Inteendeel. Die opposisieparty is versplinter en verlam soos nog nooit tevore nie. Maar vanweë 'n verskeidenheid van gebeurtenisse verkeer ons in hierdie subkontinent in 'n baie ernstige bestaanskrisis. In hierdie veranderde omstandighede kan die prioriteit van die Nasionale regering seer sekerlik nie meer dieselfde wees as in die jare vyftig nie.

Hoewel die politieke mag van die Party en die kulturele solidariteit van die Afrikaners (wat nog steeds belangrike steun aan die Party verleen) nie meer die opperste prioriteit is of kan wees nie, bly dit nog steeds baie belangrike doelstellings en is dit ten minste van besondere instrumentele belang in die hantering van die huidige bestaanskrisis. Die omvang en die belangrikheid van die taak wat vandag op die skouers van die hoofsaaklik Afrikaner-ondersteunde Nasionale regering rus, kan nie maklik oorbelemtoon word nie.

Om hierdie moeilike en steeds moeilikerwordende taak suksesvol te kan deurvoer, het die ondersteuning, hulp en advies wat goedgesinde akademici aan die politieke bewindhebbers kan gee, ook in belangrikheid toegeneem. Goedgesinde akademici kan egter alleen hierdie belangrikerwordende taak vervul as hulle die moed en die durf het om die groter uitdagings te aanvaar, as hulle hulself groter vryheid en inisiatief ver-

oorloof en as die vertrouensverhouding tussen hulle en die politieke bewindhebbers nie daardeur geskaad word, dit wil sê as die politici hulle ook groter beweegruimte veroorloof.

Kortom, die huidige omstandighede vereis dat die verhouding tussen die akademici en politici van albei kante verder genormaliseer sal word.

NORMALISERING VAN VERHOUINGE

Om enige moontlike misverstand uit die weg te ruim, wil ek dit duidelik stel dat daar die afgelope tien jaar reeds ver gevorder is in die normalisering van die verhouding. Van die kant van die politieke bewindhebbers word daar veel meer geleenthede aan die goedgesinde akademikus gebied en word sy kritiese vraagstellinge met veel groter verdraagsaamheid bejeën. Aan die ander kant is daar baie akademici wat die nuwe geleenthede en groter vryhede benut om met teoretiese vraagstellinge en kritiek na vore te kom wat voorheen net nie moontlik was nie.

Ongelukkig het daar sowel politici as akademici oorgebly wat meer dat net die geslote en enger verhoudinge van die jare vyftig geoorloof is. Die betrokke politici het blykbaar so verwengeraak deur die akademiese onderdanigheid van die jare vyftig dat hulle die kritiese houding van sommige nasional-gesinde akademici net nie kan duld nie en graag wil sien dat hierdie akademici of hok geslaan of uitgedryf sal word.

Aan die ander kant is daar blykbaar ook akademici wat in die groef van die jare vyftig vasgevang bly en verkies om akademies onmondig te bly. Ook hulle kan hul nie by veranderde omstandighede aanpas nie. Ironies genoeg is hulle dikwels die mense wat vir die verdagnakery teen die meer kritis-ingeselde Nasional-gesinde akademici verantwoordelik is. In die woorde van prof. Hennie Rousseau bly die rol van hierdie ideologies gegrepe akademikus byna outomaties beperk tot dié van 'n agterryer wat die konserwatiewe geskut in die geledere van die Nasionale Afrikaners met die lood van swaarwigtige beginsels moet laai.

Ek wil graag ten slotte twee redes aanvoer waarom die Nasional-gesinde akademikus huis in hierdie dae waarin ons leef 'n besondere rol te speel het binne die breë Nasionale Afrikaner „Establishment“ — 'n rol wat meer selfstandige optrede en selfs openbare kritiek op waardes en prioriteite behels. Terselfdertyd wil ek ook die hoop uitspreek dat die akademikus die geleenthed gegun sal word om huis in hierdie dae hierdie rol te speel — dit wil sê dat sy bona fides as Nasional-gesinde akademikus nie as gevolg van kritiese optrede in twyfel getrek sal word nie.

HISTORIESE DRYFHOUT

Eerstens omdat die Nasionale Regering al byna 30 jaar aan die bewind is. Enige regering — selfs 'n goeie regering soos die Nasionale regering — wat ononderbroke vir byna 30 jaar regeer — sleep uiteraard 'n groot hoeveelheid historiese ballás met hom saam. Hierdie ballás bestaan uit uitgediende opvatting, vooroordele en beleidsrigtings. Oor 'n tydperk van 30 jaar maak enige regering baie beloftes en bind hy homself met baie kompromieë.

Daar bestaan waarskynlik twee besondere redes waarom daar so 'n groot hoeveelheid historiese ballás soos dryfhout opgedam geraak het en nou die stroom van vernuwing belemmer. Baie van die kritiek wat in die afgelope 30 jaar deur die opposisie, die Engelse pers en deur buitelanders teen die kop van die Nasionale regering geslinger is, was so onbillik en so vergesog dat die regering met goeie reg geleer het om 'n dowe oor daarop te draai. Maar op die lang duur hou dit ook nadele in.

Aan die ander kant het goedgesinde akademici — om redes wat ek reeds genoem het — ook nie van meet af hul kant gebring om dit wat verouderd en oorbodig geraak het aan die nodige kritiek en blootstelling te onderwerp nie. 'n Besondere sameloop van omstandighede het dus meegebring dat sommige politici nog altyd 'n sterk weersin teen kritiek het enveral kritiek uit eie kring. Dit is 'n houding wat nie meer te regverdig is nie maar — in soevere dit bly voortleef — 'n houding wat steeds bevorderlik is vir die opdam van dryfhout.

Dit behoort tot die demokratiese tradisie dat daar gereeld regeringsverandering plaasvind. Op sigself genome is so 'n regeringsverandering 'n heilsame ding. Dit bring 'n sekere dissipline mee en bied telkens geleenthed vir 'n nuwe begin. Ongelukkig is 'n regeringsverandering volgens alle aanduidings nie moontlik, en wat myself betref ook nie wenslik, in die Suid-Afrikaanse situasie nie. Gevolglik moet ons van ander metodes gebruik maak om van die historiese ballás ontslae te raak en om die nodige dissipline en vernuwing te bewerkstellig. In hierdie oopsig kan en moet goedgesinde akademici 'n belangrike bydrae lewer.

N. P. van Wyk Louw sê érens dat die afbreek en die sloping van dit wat uitgedien is 'n skone dronk genot kan wees. Hoewel ons almal graag wil bou, en graag opbouende kritiek wil lewer, is dit volgens Van Wyk Louw soms vir 'n geslag nie gegee om te bou nie, maar alleen om af te breek. Dit wil voorkom asof ons huis nou 'n geslag nasional-gesinde akademici nodig het vir wie dit nie gegun is om te bou (soos hulle graag sou wou nie), maar om die ballás wat in die Nasionale Afrikaner „Establishment“ in sy lang tyd van mag en bevoorregting opgegaar het, met die nodige mate van deernis en liefde te help afbreek.

As goedgesinde akademici nie met hierdie taak behulpsaam is of kan wees nie, kan die sloping-kontrak dalk in die hande beland van mense wat ook dit wat waardvol is vir die Nasionale Afrikaner, met die grond gelyk sal maak.

Die tweede rede waarom die nasional-gesinde akademikus huis in hierdie tyd met groter selfstandigheid moet optree, is omdat „Suid-Afrika se bestaanskrisis in sy diepste wense ook 'n krisis in die hart van die Nasionale Afrikaner“ is — soos Dawie dit op 6 November 1976 in sy rubriek in *Die Burger* gestel het. Op 11 November 1976 het vyf professore van Stellenbosch — waaronder prof. Esterhuise en ekself — in 'n brief in *Die Burger* die standpunt ingeneem dat „die krisis in die hart van die Nasionale Afrikaner die morele problematiek vertolk van tale Afrikaners wat hul

volksverbondenheid 'n hoë prioriteit gee, maar nie bereid is om hul sin vir geregtigheid op die altaar van hierdie volksverbondenheid te offer nie".

'N GOEIE MORELE KRISIS

Dit kan nie betwyfel word dat daar 'n krisis — 'n morele krisis — in die hart van die Nasionale Afrikaner woed nie. Daar is stryd en spanning, wroeging en diepgrypende selfondersoek aan die gang. Vanweë die strategiese posisie wat die Nasionale Afrikaner in Suid- en Suidelike Afrika inneem, is dit goed dat daar so 'n stryd aan die gang is. Die krisis in die hart van die Nasionale Afrikaner gaan eintlik oor waardeoordele en oor politieke prioriteite. *Dit kan tog in alle billikheid nie van 'n polities-betrokke en nasionaal-gesinde Afrikaner-akademikus verwag word dat hy te midde van hierdie stryd op die kantlyn sal bly staan asof die stryd hom nie aangaan nie en asof hy op grond van sy vakkundige kennis nie 'n*

bydrae te lewer het nie.

Reeds in 1913 het Tobie Muller in 'n toespraak, op Stellenbosch, gesê dat nou dat die Afrikaners 'n selfbewuste nasie geword het, dit *sedelike motiewe* is wat ons saambind. Hy het dit by daardie geleenthed in die vooruitsig gestel dat die Hollands-Afrikaanse nasie deur middel van egte nasionalisme 'n eie individualiteit wil bewaar en aankweek, nie tot nadeel nie, maar eerder met die hulp van en tot die voordeel van die ander nasionale groepe in Suid-Afrika. Die nasionale stryd is volgens hom nie 'n stryd teen ander nie, maar 'n sedelike stryd binne 'n selfbewuste nasionale orgaanisme om met morele erns alles wat die nasie se karaktervorming benadeel, uit die weg te ruim.

GEWEERVUUR EN SAMBOKSLAE

Ek wil graag aanvaar dat die morele krisis in die hart van die Afrikaner juis te make het met hoe ons van alles wat ons karaktervorming benadeel, uit die weg te ruim.

tervorming benadeel — alles wat selfsugtig, selfgenoemsam en gesloten is — uit die weg kan ruim.

Veertien jaar gelede het N. P. van Wyk Louw beweer dat die tyd ryp en oorryst vir 'n groot volkskritiek deur volksgenote. Hoeveel te meer is die tyd nie nou oorryst daarvoor nie? Van Wyk Louw het gepleit dat daar kritici tussen ons gelos moet word, wat vervul is met 'n haat teen ons halfheid, gemaaksug en kleinburgerlikheid. Hierdie kritici moet volgens hom mense wees wat in hul stryd teen die Afrikaner se ewuels self in die eerste plek Afrikaners is en hulle moet ons met „geweervuur en sambokslae" laat opsteier totdat ons doen waarvoor ons hier in Afrika is: die opbou van 'n nuwe beskawing in 'n nuwe land.

Die nasionaal-gesinde Afrikaner-akademikus sal waaragtig in die tyd waarin ons leef sy kant in hierdie soort volkskritiek moet bring as ons 'n nuwe beskawing vir al Suid-Afrika se mense in hierdie groot en droewe land wil vestig.

DIGEST ESSAY

THAT'S THE DIFFERENCE, ANDY YOUNG

A commentary in *Rapport* on an article by Professor Sampie Terreblanche, a University of Stellenbosch economist

This Stellenbosch economist agrees with the US Ambassador to the UN, Mr Andrew Young, that there are certain economic similarities between South Africa and the American South.

But the differences make him say this: "It looks to me as if America is guilty of the grossest form of hypocrisy."

Mr Andy Young, in his harping on the similarities between South Africa and the American South, points out that one of the most distinctive characteristics of the South African economy is its two-tier structure.

On the one side is the modern population: those who by their level of development, standard of living, organisational ability and skill are recognised as the people of a modern industrial society.

This part, the about 6-million Whites and the top layer of the Asians, Coloureds and Blacks, forms, at the most, a quarter of the population. The rest – 18 to 20-million – are still in various stages of under-development and/or relative primitiveness.

Also two-tier

At the end of the Second World War, the American economic structure also had a two-tier structure. All the progress was in the north and west of the country, while all the characteristics of an underdeveloped economy and a "balance of poverty" were in the south.

An important reason for the balance of poverty which still existed in the south 80 years after the Civil War was the very political dispensation which the north had forced on the south.

At that time, the south, with its huge, poor and under-developed population, did not have the level of civilisation or the economic development to accommodate a democratic political system. As a result, disintegration and poverty was institutionalised.

"If Mr Young knows his history, then he should know that South Africa with its one-quarter modern people and three-quarters under-developed peoples, does not have the level of civilisa-

tion, economic basis or level of development to accommodate a democracy of one-man-one-vote for the entire population. If this is forced on us, then political instability and economic disintegration is our fate," said Professor Terreblanche.

He points out that attempts at the time to stimulate the American south failed hopelessly. During the 1930s and the 1940s the poverty of the southern Whites and the Negroes appeared insoluble.

Visible scars

By 1945, three-quarters of the American population were already modern and completely in gear with the two-tier economy. And only then was a solution found for the southern poverty – migration. The exodus to the north was in many respects, specially for the Negroes, a traumatic experience, the scars of which have still not healed today.

Just like America in 1945, South Africa has in 1977 a two-tier economy, in which the modern sector is dominated overwhelmingly by the Whites and the under-developed sector by the Non-Whites.

But with this important difference: In America the development and modernisation took place with the help of a modern sector which consisted of at least three-quarters of the population. And after 30 years, the painful process of modernisation is not even completed.

In 1945 there were in America about 120-million modern and 40-million under-developed people. In 1977 in South Africa there are at the most 6-million modern people and 18-million under-developed people.

Hampered

The capability of the modern sector to help the under-developed part of the population is hampered by unnecessary hindrances and practices, in the public as well as the private sector,

The problem becomes more enlightening when South Africa's two-tier economy is compared with the relationship between the countries of the First and Third Worlds.

The First World countries, mainly Western and developed, have a joint population of 700-million. The Third World – those developing countries which are not part of the Communist block – have a population of 2 000-million. Half are so poor that they suffer seriously from malnutrition.

The average per capita income in the First World is about R3 000 a year. In the Third World it is R230.

Despite the pressure for a totally new economic order in which, among other things, the price of raw materials must be adjusted to the level of inflation, and development aid to poor countries must be more than doubled, it is clear that the rich countries – specially the USA and West Germany – are not prepared to give very much more material aid to the poor countries. As a result of the recession and the oil crisis, many Western countries are giving even less help than they did before.

Far greater

In South Africa the development aid which the modern sector gives to the developing people of South Africa, is very much greater than that which the First World countries are at present giving to the Third World.

"Does America expect us to do what they are not prepared to do? Hypocrisy in its grossest form? It looks very much like it," said Professor Terreblanche.

And more:

Must America not first put its economic relations with the Third World in order before it prescribes to us? Is the great pressure which is now being applied to South Africa not aimed at distracting attention from Third World demands which the USA and West Germany do not wish to meet?

Must the poverty and overpopulation of Ethiopia and Bangladesh also not be solved like the poverty of the southern negroes – through migration to the rich parts of America?

Why the strong American immigration laws?

Hypocrisy, says the Professor.

CENTENARY OF TRANSVAAL SUPREME COURT

Twenty-three leading judges and jurists, including the chief justices of some countries, recently attended the centenary celebrations of the Transvaal Division of the Supreme Court in Pretoria.

The South African Minister of Justice, Mr Jimmy Kruger, the Chief Justice, Mr Justice Rumpff, the judge presidents of all the provinces and Transvaal judges and advocates attended the celebrations.

To mark the historic event, a symposium, addressed by jurists from abroad, was held at the University of Pretoria, a banquet was given in the Pretoria City Hall by the Transvaal's legal practitioners and a commemorative session of the Supreme Court took place in the foyer of the Palace of Justice.

The history of the Transvaal Supreme Court, however, goes back much further than its official opening on May 23, 1877.

The Voortrekkers, despite obvious difficulties, realised the need for law and order. In 1836, a Burgerraad (Council of Citizens) was established with members having the title of "rechter" (judge).

The trek leader, Gerrit Maritz, was appointed President Rechter and later as magistrate. He carried out his legal responsibilities to the best of his ability with the help of a small library, which included dictionaries, a few theological writings and the works of prominent legal authors such as De Groot, Van der Linde and Carpzovius. It appears, therefore, that Roman Dutch Law was used during the Trek, as well as in the Voortrekker Republic later established in Natal.

After the English penetration of Natal, the Transvaal trekkers broke away and adopted the Thirty-Three Articles as the basis of their constitution. Law and order were to be carried out according to the "Hollandsche Wet" (Dutch Law), subject to local customs and needs.

In 1852 the Zuid-Afrikaansche Republiek came into being and provision was made for the administration of justice through magistrates, heemrade (assessors) and juries. The highest court consisted of a magistrate and jury. Formal court procedure was used and proceedings were held in public, with Roman Dutch Law accepted as common law.

It was also expected of those administering justice to study the "Law of Moses" and the Gospel, although this was not a constitutional requirement.

President Burgers was the moving force behind establishing a proper Supreme Court, and in 1877 he designated as Chief Justice, John Gilbert Kotzé, a 27-year-old advocate from Grahamstown. He was to be assisted by two additional judges.

Before Kotzé arrived in Pretoria, however, the Transvaal was annexed by Britain. Shepstone's annexation proclamation nevertheless provided for the continuation of the legal system until it was altered or abolished. Even the existing courts were retained.

The High Court of the Transvaal was proclaimed on May 18, 1877 and it was to consist of a Chief Justice and two additional judges. Civil cases were to be heard by a judge only, while criminal cases were before a judge and jury.

John Kotzé was sworn in as Chief Justice of the Transvaal on May 19 and on May 23, 11 of the practising advocates and attorneys were readmitted to the Bar.

At the time, the practice of being admitted in the dual capacity of advocate and attorney was allowed, but Kotzé soon ensured the creation of a divided Bar.

In 1881, after regaining its independence, the Boer Republic introduced certain reforms with Kotzé re-appointed as Chief Justice. Only Dutch was to be used in the courts.



Above:
The Palace of Justice, which faces onto Church Square, Pretoria. In the foreground, looking at a statue of one of the four boer soldiers guarding the statue of Paul Kruger, are a few of the overseas visitors who attended the celebrations

After 1881, a number of appointments were made; among them, S.G. Jorissen, the son of E.J.P. Jorissen, an eminent and outspoken Dutch theologian; Ewald Esselen, who became one of the country's most outstanding advocates; and the Scot, G.T. Morice, and B. de Korte, who were both members of the British Inner Temple and Middle Temple.

During the late 1890s a legal dispute arose between the Volksraad and the court about its right to declare government legislation illegal. This was not only a constitutional crisis, but also a personal clash between two equally determined men — President Paul Kruger and Dr. H. F. Verwoerd.